



MAAK REG VIR DIE VOLGENDE BULMARK

UITGAWE 76

MEI 2009



BY MAGNUS HEYSTEK—BELEGGINGSTRATEEG

In ons nuusbrief van 5 Maart 2009 het ons die mening uitgespreek dat die toestand van die swak wêrelddekonomie besig was om te stabiliseer. Dit is twee maande later en hoewel ekonomiese toestande in werklikheid steeds swak vertoon, is daar vroeë tekens dat die wêrelddekonomie begin vaste voet kry.

Wêreldwyd is werkloosheid steeds aan die toeneem; handel het verder ineengesak en die vervaardigingsuitset in menige eersterangse industriële lande bly in boeie geslaan.

Die VSA se BBP verkort met 6% in die eerste kwartaal van hierdie jaar en slegte tyding oorheers steeds nuushoogtepunte. Die lente onthul egter sy eerste bloeisels aan diegene op die uitkyk.

Dikwels is beleggers (veral “nuut-tot-die-mark” beleggers) verstom oor die feit dat teengestelde beleggers juis hierdie negatiewe opslae in die media naspur om die terugswaai van fondse in die “uitgediende” aandelemarkte te bewerkstellig. Sir John Templeton, legendariese stigter van die beleggingsmaatskappy onder sy naam, het dikwels gesê dat tye van diepe wanhoop is die beste tye om langtermyn beleggings te maak.

Dit is telkemale in die verlede bewys dat hoe skerper die daling van die markte en hoe meer dramaties die nuusflitse, hoe meer skitterend is die uiteindelijke herstel. Nou is daar sigbare ontkiëming in die ekonomiese herstel - moeilik om te sien op hierdie stadium maar dit is duidelik daar.

Sedert 6 Maart het die Dow Jones met bykans 30% herstel terwyl meeste ander finansiële markte merkwaardige groei getoon het. Die onbestendighedsfaktor het gedaal tot bykans normale vlakke en banke is weer in die posisie waar hulle aan mekaar geld voorskiet (hoewel nog nie aan die publiek nie) en dit wil voorkom asof die paniek wat deurgaans geheers het vanaf September '08 tot laat Februarie '09 nou afgeneem het.

Is hierdie bloot 'n beermark-lopie of is dit inderdaad die begin van 'n nuwe bulmark? Die antwoord daarop sal afhang van u interpretasie van die snelle en soms verwarrende vloei van inligting. Die vermoë om ontluikende orde te identifiseer, te midde van finansiële chaos, is dikwels die faktor wat die merkwaardige fondsbestuurders skei van dié wat weens 'n gebrek aan inisiatief verkies om die hoofstroom te volg.

Vir 'n tyd lank was die doemprofete van die ekonomiese wêreld - o.a. Nouriel Roubini, Peter Schiff en Nassim Taleb - in die kol. Deur hul voorspellings het hulle erestatus op 'n wêreldskaal verwerf maar uiteindelik sal hulle verkeerd bewys word. Hulle sal boeke skryf, toesprake hou en konsultasiefooie hef maar helaas - die Groot Karavaan van die Lewe beweeg aan!

KAAPSTAD SEMINAAR:

DATUM: 14 MEI 2009
 TYD: 15:30 VIR 16:00.
 PLEK: INVESTEC GEBOU,
 FORESHORE,
 KAAPSTAD

Om te bespreek skakel
 Brenthurst Wealth:

☎ RSVP ANTJE:

JHB: (011) 799-8100
 CT: 0861 799 8000

reception@brenthurstwealth.co.za

Verversings sal bedien word!

www.brenthurstwealth.co.za

Tydens my loopbaan van meer as dertig jaar (insluitend die studie van ekonomiese geskiedenis) het ek menige sulke doemhandelaars teëgekome wat hul goedere smous. Om 'n paar te noem - Harry Schultz, Clive Roffey, Fred Crooks, Dr Frederick Richebacher en vele ander. Weinig van hulle kan spog met 'n suksesvolle langtermyn voorspellingsrekord. Soos 'n stukkende uurwerk sal hulle twee maal per dag reg wees of soos 'n siniese vriend altyd opmerk - hulle herinner hom aan iemand wat twee van die laaste 17 resessies korrek voorspel het.

Hulle handelsvoorraad is ang. Hulle teer op een van die mees diepgewortelde menslike vrese naamlik ekonomiese en finansiële teëspoed. Die media hou van omstredenheid en hulle floreer in simbiose met die doemprofete. Dalk sal julle nog die onbuigbare Fred Crooks, die suikerrietboer onthou. Hy het daarin geslaag om die Carte Blanche span op M-Net te oortuig dat die einde van die wêreld baie naby was. Dit was so ver terug as Mei 1997. Sy voorspellings was gebaseer op die bisarre teorie dat gebeure op aarde bepaal word deur die bestoking uit die ruimte van kloppende energie wat sy oorsprong in die sterrestelsel het - en hierdie storie gryp ek nie uit die lug uit nie.

Sy voorspellings was gebeeldsaai deur M-Net letterlik weke voor die Asiatiese krisis in Julie 1997. Natuurlik was hy as gevolg hiervan alombemind in mediakringe terwyl die tweede uitsending van "The World According to Fred Crooks" op Carte Blanche die aandelemarkt baie nadelig beïnvloed het en beleggers op vlug geslaan het. As my geheue my nie in die steek laat nie was die **JSE All Share Index** tydens hierdie gebeure in die omgewing van 7 000 terwyl ons tien jaar later 'n syfer van 33 000 aanskou het - 'n viervoudige styging in waarde.

Wat hierdie "gerespekteerde" kommentators grootliks onderskat is die ongelooflike volhardingsvermoë en kreatiwiteit van die mensdom om te oorleef en te floreer ongeag oënskynlik desperate teenvoeters. Hier kan ons die wonderbaarlike herstel van Japan en Duitsland na die Tweede Wêreldoorlog as voorbeeld noem.

Ekonomie in alle lande gaan deur tye van "kreatiewe verwoesting". Dit is hoe die ekonoom, Peter Schumpeter van Oostenryk dit beskryf het. In my nederige opinie is dit juis so 'n periode waardeur die ekonomie wêreldwyd huidiglik beweeg. Hieruit, glo ek, sal 'n herskepte ekonomiese orde - 'n nuwe siklus van weelde en rykdom gebore word. Dit sal nie die gevolg van staatsingryping of die instelling van regulasies wees nie maar eerder die gevolg van die "onsigbare hand" van die ope mark. Dit is hoe Adam Smith dit eeue gelede beskryf het in sy publikasie "The Wealth of Nations". Nog 'n toevoeging tot hierdie waarneming is die sterk drang van ekonomiese selfbehoud wat diep gewortel lê in meeste individue wat hierdie aarde bewandel.

Ek mag dalk beskou word as baie seker van myself maar ek kan eenvoudig net nie saamstem met die teorie dat ons afstuur op 'n "Tweede Groot Depressie" nie. Na 'n verlengde periode van ekonomiese groei het ons nou 'n sogenaamde "normale", dog nodige periode binnegegaan om sodoende al die ondoeltreffendhede wat tydens die goeie tye opgebou het te elimineer. Menige mense sal dit sien as 'n noodsaaklike aanpassing (met verwysing na die resessie). In die oë van baie mense was die "Groot Depressie" 'n doodnormale resessie wat vererger was deur swak besluite wat geneem was deur die regering van die Verenigde State. Dit het tot gevolg gehad verhoogde rentekoerse en die daarstelling van handelsbeskerming - presies die teenoorgestelde van wat die oogmerk was.

Regerings is egter hierdie keer op die regte spoor. Verder is die Verenigde State in 'n baie gelukkige posisie om Dr Ben Bernanke as Hoof van die "US Federal Reserve" te hê. Hy het op stuk van sake sy doktorsake gebaseer op die oorsaak van die Groot Depressie en hy doen alles in sy vermoë om te verhoed dat 'n herhaling van die foute voorkom.

TOP FONDSBESTUURDERS RAAK BULAGTIG

Etlke van die wêreld se top fondsbestuurders het in die afgelope dae en weke die bodem van die siklus voorspel. Hulle sluit onder andere in die voormalige "perma-bears" Steve Leutholtz en Jeremy Grantham, beide hoog aangeslane analiste wie allermens beskuldig kan word van domastrante dwaasheid. So het Leutholtz byvoorbeeld sy "slegs-korttermyn" Grizzly Bear Fonds opgeroep (nadat dit 74% in \$ gemaak en 'n kortsluiting in die mark veroorsaak het) en later 'n "slegs-langtermyn" ekwiteitfonds begin.

Grantham van GMO Fund Managers was vir tien jaar iesegrimmig maar het onlangs aan die hand gedoen dat "markwaardes onomstootlik" is.

So het Mark Mobius van Templeton Asset Management ook sy nek uitgesteek deur 'n herstelling in die markte, wat Suid-Afrika insluit, te voorspel. Laastens het Warren Buffett tydens sy jaarlikse vergadering met aandeelhouders in Omaha, Nebraska die mening uitgespreek dat "die ergste verby is".

KAN SELFS LAER RENTEKOERSE IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD?

Sover dit ekonomiese vooruitgang aangaan is Suid-Afrika traag wanneer dit kom by die verlaging van rentekoerse in vergeleke met ander nywerheidslande. Om een of ander rede het ons politieke leiers bly vertrou dat Suid-Afrika die ergste ekonomiese afname sal ontduik. Hierdie verwyderde sienswyse moes nou plek maak vir die harde werklikheid nadat bekend gemaak is dat Suid-Afrika se kleinhandelverkope verlaag het met 4,5% (jaar-op-jaar) in die eerste kwartaal van hierdie jaar. Inflasie was gister se stryd - die stryd gaan nou rondom die oorreding van verbruikers om te begin bestee.

Verlede Donderdag het dit die Reserwe Bank net twee ure geneem om 'n verdere 100 basis punte verlaging in die uitleen koers tot 8,5% aan te kondig wat beteken dat dit huidiglik 350 punte sedert Desember verlede jaar gedaal het en terug is op die vlak van Junie 2007. In die proses is prima uitleenkoerse daarmee saam ook verlaag.

Reserwe Bank goewerneur Tito Mboweni was openlik in sy waarskuwing dat verdere ekonomiese terugslae te wagte kan wees. Terselfdertyd het hy erken dat Suid-Afrika reeds in volslae resessie is - die eerste in 17 jaar.

'n Verdere verlaging in rentekoerse kan, afhangende van die trefkrag van die ekonomiese insinking, die ekonomiese krisis versag. Ons kan moontlik kyk na 'n verdere verlaging in rentekoerse van 200 tot 250 basis punte teen die einde van die jaar. Dit is vir sommiges duidelik dat die Reserwe Bank sy aanvanklike onwrikbare stryd teen inflasie opgegee het en hom nou begewe het op 'n grootskaalse poging om die ekonomie aan te wakker.

Hierdie stel 'n groot dilemma daar vir beleggers wat geskuil het in die relatiewe veiligheid van geldmark- beleggings. Gedurende die afgelope sowat twaalf maande was geldmarkinstrumente en tot 'n mindere mate verbande 'n veilige hawe teen die hewige aanslae. Hierdie toedrag van sake is stellig besig om teen 'n vinnige tempo te verander en teen die huidige rentekoerse kan beleggers kwalik 'n wins toon op 'n voor-belasting basis.

Op 'n na-belasting vlak verloor beleggers tot 40% van die werklike waarde van hul beleggings. Op een of ander stadium moet gesonde verstand deurdring en daardie beleggers sal besef dat hulle alternatiewe weë moet vind om die koopkrag van hul geld te beskerm. Waarheen moet kleinhandelbeleggers? hulself wend?

Tydens vorige rentekoersverlagings het kleinhandelbeleggers hulself gewend tot die residensiële eiendomsmark. Geld was egter nog vrylik beskikbaar deur lenings by banke en die Kredietwet was nog nie gepromulgeer nie. Reserwe Bank statistieke toon 'n sterk ooreenkoms tussen die afname in rentekoerse en die aangryp van verbandfinansiering vir die aankoop van addisionele eiendomme. Op hierdie stadium is dit nie wat gebeur nie - grootendeels as gevolg van die banke se teësinnigheid om geld voor te skiet asook die strenger maatreëls wat deur die Nasionale Kredietwet daargestel is.

Dit wil voorkom asof Suid-Afrikaners se sterk voorkeur vir die eiendomsmark vir eers afgekoel het. Daarteenoor sal mense eerder verkies om die laer rentekoers tot hul voordeel te gebruik deur skuld te delg maar daar is steeds mense wat die besparing op hulself sal bestee: diegene wat van mening is dat hulle buitendien so diep in die skuld is. Dit was ook die norm in vorige ekonomiese siklusse.

Vir die gewone man op straat sal 'n paar ekstra rand moontlik aangewend word op noodsaaklikhede en semi-duursame artikels. Ons kan verwag dat uitgawes ten opsigte van kos, klerasie en kleiner luukse van die lewe moontlik drasties sal verhoog. Daarin lê 'n beleggingsgeleentheid wat ons hier by Brenthurst Wealth van voorneme is om uit te buit tot voordeel van ons kliënte.

Dit is opvallend dat verskeie uitgeslape fondsbestuurders onlangs hul blootstelling tot aandele verskerp het (spesifiek dié aandele wat geormerk is om winsgewend blyk te wees in hierdie verwagte tendens). Hierdie teenvoeters sluit in Foschini, Truworths, MTN, Pick 'n Pay, Shoprite en selfs Spur, om slegs 'n paar te noem.

CHINA AAN DIE VOORTOU?

Die plaaslike mark het moontlik 'n baie belangrike brokkie inligting gemis toe dit bekend gemaak is dat Taiwan toestemming verleen het aan Sjinese vasteland maatskappye om merkwaardige aandele in Taiwaneese maatskappye te bekom. Verlede week Woensdag het die Taiwaneese aandeleemark sy grootste enkel wins in 17 jaar getoon met die nuus dat China Mobile ingekoop het in 'n groot aandeel in 'n Taiwaneese telekommunikasiemaatskappy - 'n transaksie wat vir hulle \$540-miljoen werd was.

Die Chinese regering het hom ook nou toegespits op sy eie vername stimulus in terme van sy ekonomie en meer as \$150-miljard word geormerk om verbruikersbesteding 'n hupstoot te gee sowel as ander maatreëls om sodoende die ekonomiese groei op 'n hoë en volhoubare vlak te handhaaf. Plaaslike beleggers word op 'n deurlopende basis op hoogte gehou van ekonomiese toestande in London en New York deur die vriendelike samewerking van CNBC en Bloomberg. Die dekking sover dit verwickelinge in die Sjinese vasteland aangaan is egter baie bolangs en oppervlakkig. Daardeur word 'n vakuum geskep wat beleggers in staat mag stel om die werklike toedrag van sake te sien.

Snel-groeiende Sjina het Duitsland verbygesteek as die derde grootse ekonomie en die aanduidings is daar dat hulle Japan sal verbysteek om hulle dan die tweede-grootste te maak.

Gebeure in Sjina en ander snel-groeiende maatskappye in die Ooste het 'n toenemende impak op die globale ekonomiese toestande, meer so as die Weste waar groei afgeneem het deur verouderende bevolkings wat aanleiding gee tot 'n afname in die pas van ekonomiese groei.

Beleggingsfundi, Jim Rogers het die Quantum-Hedge Fund in samewerking met George Soros beheer en op die ouderdom van 37 afgetree as 'n multi-miljoener. Op die huidige ouderdom van 66 het hy hom in Singapoer gevestig waar hy hom tans toespits op die onderrig van sy twee jong kinders in Mandaryns om sodoende voordeel te kan trek uit die generasieverskuiwing van ekonomiese mag van die Weste na die Ooste.

SUID-AFRIKA ONDER LEIERSKAP VAN JACOB ZUMA

Met die algemene verkiesing nou iets van die verlede staan Jacob Zuma nou aangeslaan as Suid-Afrika se derde ANC President. Verbasend genoeg het die wisselkoers-mark verstewig. Dit is dan ook 'n goeie aanduiding van hoe Suid-Afrika se ekonomiese toekoms deur die globale beleggingsgemeenskap gesien word. Trouens, gedurende die afgelope twee maande het die rand met feitlik 25% verstewig teenoor sy drie vernaamste handelsvennote. Sowat twee maande gelede het die rand gestaan op R12,50 teenoor die US dollar. Verlede week het dit te staan gekom op R8,50. Nou wat?

Is dit te wyte aan die feit dat die ANC nie daarin geslaag het om 'n twee-derde meerderheid te kry nie of is daar ander faktore waaraan dit toegeskryf kan word?

Niemand weet wat werklik gebeur in die massiewe wêreld-valutamarkte nie. Is dit stellig te wyte aan die sogenaamde dra-handel waar beleggers geld leen in lande waar die rentekoers laag is en dit dan herbelê in lande wat 'n hoër rentekoers bied, soos Suid-Afrika of vloei geld stellig van oorsee af in vir die moontlike uitkoop van Vodacom deur die Verenigde koninkryk gebaseerde maatskappy, Vodaphone?

BELEGGINGSADVISEURS:

BRIAN BUTCHART CFP®
brian@brenthurstwealth.co.za

JOHAN BURGER CFP®
johan@brenthurstwealth.co.za

RENEE EAGAR CFP®
renee@brenthurstwealth.co.za

MICHELLE BURGER CFP®
michelle@brenthurstwealth.co.za

KLIËNTEDIENS :

VIRASHA MAHARAJ
virasha@brenthurstwealth.co.za

ESMERIE LOOTS
esmerie@brenthurstwealth.co.za

CELESTE PHAKHATI
celeste@brenthurstwealth.co.za

ALLIE SIKHOSANA
allie@brenthurstwealth.co.za

BELASTING :

GAVIN BUTCHART
gavinb@brenthurstwealth.co.za

BEMARKING:

SUE HEYSTEK
sue@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD

BUILDING 3 PRISM OFFICE PARK, CORNER FOURWAYS BOULEVARD & WILLIAM NICOL DRIVE, GAUTENG, SOUTH AFRICA

Telefoon: (011) 799- 8100

Faks: (011) 799- 8101

Webwerf: www.brenthurstwealth.co.za

KAAPSTAD KANTOOR: 0861 799 8000

Brenthurst Wealth Management is 'n geregistreerde finansielediens-verskaffer (FSP no. 7833).

Hierdie e-posboodskap en byvoegsels is uitsluitend bedoel vir die geadresseerde(s) en daarom wettig geprivilegieer en/of vertroulik. As u per abuis hierdie e-posboodskap ontvang het, vernietig dit asb. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud rugbaar maak, kopieer, versprei of op grond van die inhoud daarvan handel nie. Enige ongemagtigde gebruik of openbaarmaking daarvan is verbode en kan onwettig wees. Die siening en mening soos vervat in hierdie boodskap is nie noodwendig verteenwoordig van die van die bestuur van Brenthurst Wealth nie.